09

JAARGANG 23 | 20 JUNIE 2025

# VRY POS

KONINKRYKSTYD

LOER | LEES | LUISTER | LEER

NG Kerk Vrystaat



Celicia McLean

# REDAKTEUR

## BYDRAES EN NAVRAE

voor 12:00 Dinsdae na
**cmclean@ngkvs.co.za**

***Lig in die duisternis,***
*hier vir God, mekaar en die wêreld*

## FOTO'S

Canva | Unsplash | Flickr | Pexels
Pixton | *Tensy anders vermeld*

## ARTIKELSKRYWERS

Mariëtte Odendaal | André Barlow | Danie & Trunette | Goliath Ponie | Annalie du Preez Andries Gous | Stéphan van der Watt Enrico Casaleggio | Johan van der Merwe Ethan Kleynhans | Janke Hurter | Lood Oliver Martin Schwella | Philip McLaren | Nielbert Mostert | Jan Lubbe | *Kerkbode* | *Bybel-Media* *CLF* | *TOIBO* | *Engo* | *Bybelgenootskap SA* *VrydagNuus, Kaapkerk* | *VBO-Prospektus*

## KONINKRYKSTYD

In Koninkrykstyd vier ons die heerskappy van Jesus as die Here, wat regeer op aarde. Ons dink ook daaraan dat Jesus sy dissipels uitgestuur het na die wêreld om sy Koninkryk uit te leef. Daarom is die seilboot 'n belangrike simbool, omdat dit dui op Jesus wat sy dissipels (die kerk) die wêreld in stuur. Ons verantwoordelikheid om die aarde te versorg asook geestelik te groei, is ook prominente temas in dié tyd en daarom is die kleur groen simbolies vir Koninkrykstyd, sowel as 'n aardbol (ekologie) en 'n boom (groei).

*Oorgeneem uit 2020 Dink Jeug*

## DAGBOEK DÍT

**Wees stil en weet Vroue-*retreat*** | Vrouebediening
8 - 10 Augustus | Menuha

## VOLGENDE VRYPOS

*VRYPOS* hou vakansie! Die volgende uitgawe verskyn op **Vrydag 25 Julie**.

Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# INHOUD


## VRYPOS-FOKUS 03

VISIONERING
**Mariëtte Odendaal** | *160 Geseënde jare van Kerkwees: Eertydse sinode-voorsitter, prof Piet Strauss vertel ...*

## ARTIKELS 06

**06** | VISIONERING
**Predikante Stilwordkans** | *'n Refleksie*

**07** | VENNOTE IN GETUIENIS
**Andries Gous** | *DEGNOS-dinge*

**09** | VENNOTE IN GETUIENIS
**Stéphan van der Watt** | *Jongmense sê 'ja!' vir lewe in Christus*

**10** | VENNOTE IN GETUIENIS
**Enrico Casaleggio** | *Islam is die godsdiens wat die vinnigste groei*

**11** | BEDIENINGSBEGELEIDING
**Johan van der Merwe** | *Nagedink oor die erediens*

**12** | ALGEMEEN | TEOLOGIESE OPLEIDING
**Ethan Kleynhans** | *Saam stil, saam sterk: 'n Stilwordkans vir Vrystaatse leraars*

**13** | ALGEMEEN
**Janke Hurter** | *So met Jeugmaand: "Wat het van ons bydraes geword?"*

**14** | ALGEMEEN
**Lood Oliver** | *Skrifgebruik*

## BLÊR-REEKS 2 15

**Die Verlore Skapie (12 stories)** | *8. Versoeking*

## MEDIATEEK 18

**Boek en inventaris - Nico Koopman** | *Pray Daily, Act Boldly - 52 Weeks of Praying*

## DIS 'N RING-DING 19

**Philip McLaren** | *Ring van Welkom: Jongmense geniet mekaar*

## UIT DIE FAKULTEIT 20

**UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT**
**Nielbert Mostert** | *Die volgende stap*

## VERJAARSDAE 21

## EKOLOGIE 22

**Insekteweek 23 - 29 Junie** | *Vier die klein skepseltjies van God*

## AKTUEEL | ALGEMEEN 23

**23** | CLF se nuwe herontwerpte aanlynwinkel
**24** | Advertensies

## VBO-GELEENTHEDE 25

## KERKBODE BROKKIES 29

## WAT'S NUUS? 30
## KALENDER
## VAKATURES/AFLOSLYS
## PREDIKANTENUUS

## 'N LAASTE GEDAGTE 31

**Jan Lubbe** | *"Verbind aan en in pas met die Gees van God"*

## KONTAK ONS 32



# 160 Geseënde jare van Kerk-wees

*Eertydse sinode-voorsitter, prof Piet Strauss vertel ...*



**VISIONERING**
*Mariëtte Odendaal*

Vanjaar vier ons die 160ste bestaansjaar van die Vrystaat Sinode van die NG Kerk; 'n besondere voorreg omdat die kerk vir ons as Christene al vir meer as 'n eeu en 'n half deur oorloë, droogtes en vele ander lewenskrisisse en sosiale kwessies help dra het.

Om werklik Kerk te wees en leiding oor geslagte heen aan duisende kerkleiers en gemeentelede te kon gee, was dit nodig om ervare mense met diep insig en wysheid aan die stuur van ons sinode te hê. Ons het in 'n reeks van ses bydraes met vyf van ons vorige sinode-voorsitters wat nog leef, asook met ons huidige voorsitter, ds Jan Lubbe, gaan gesels om te hoor oor hoe hulle hierdie uitdagende taak in hul onderskeie termyne beleef het, of beleef.

Ons **eerste gesprek was met prof Pieter Potgieter**, sinode-voorsitter van 1987 en 1995, asook van die Algemene Sinode van 1994.

Ons tweede gesprek is met prof Piet Strauss wat by die Vrystaat Sinode betrokke was tydens sy termyn as professor by die Fakulteit Teologie vanaf 1988 tot 2015. Hy was die voorsitter van die Vrystaat Sinode in 1999 en 2005, asook die voorsitter van die Algemene Sinode in 2007.

### Piet, wat beskou jy as die grootste uitdagings en hoogtepunte in jou tyd as voorsitter van die sinode en moderamen?

"Die grootste sake van bespreking was in daardie tyd die kerkeenheid van die familie van NG Kerke en dan die hele vraag oor selfdegeslag-verhoudings waaroor in 2005 ernstig besin is. "Die NG Kerk het egter oor al die jare heen 'n behoudende Bybelse standpunt hieroor gehad en wou 'n Skrifgefundeerde standpunt hieroor huldig.

Lees meer »

NG Kerk Vrystaat

# 160



JAAR VAN LIG IN DUISTERNIS

## GEES | RUS | LEEF

Esegiël 37:14

"My **Gees** in julle, en in julle, **lewe**; en in julle land, **rus**."

NG Kerk Vrystaat



# VROUERETREAT

## 08 - 10 AUGUSTUS 2025

# WEES stil & weet

*Psalms 46:11*

**Menuha**
*08 - 10 Augustus 2025*

**Aanbieder**
*Magdaleen du Toit*

**Besprekings**
*Marietjie van der Merwe*
076 113 9601
vrouelidmate@gmail.com

vb
VROUEBEDIENING

NG Kerk
Vrystaat

VISIONERING

***Foto's**: Predikante Stilwordkans te Amanzi Privaat Wildreservaat (verskaf)*







VISIONERING

# Predikante Stilwordkans

## *'n refleksie*

**André Barlow**

Die afgelope Predikante Stilwordkans van 10 tot 12 Junie 2025 by Amanzi was vir my 'n besondere ervaring. Ek het aanvanklik gedink om nie te gaan nie, maar my kollegas by Hugenoot het my oortuig om wel in te skryf. Terugskouend weet ek ek sou veel gemis het as ek nie daar was nie.

Soos die sinodale kantoor ons deur die jare bederf het, was die organisasie voortreflik gedoen. Goeie organisasie en administrasie dra subtiel by tot die sukses van enige saamtrek. Die afwisseling van die program met byvoorbeeld rekreasie en die aandprogramme het bygedra tot die sukses van die drie dae.

Die keuse van fasiliteerders en temas was uitstekend. Ons het iets geleer van die provinsie waarbinne ons bedien, uit die pad wat die Here met die mense van die ou tyd geloop het, uit die besinning wat op ander plekke in die kerk plaasvind, uit ander wetenskaplike dissiplines. Daar was nie een persoon of tema waarvan 'n mens sou kon sê dat dit maar kon gebly het nie. Ek sou 'n paar name wou uitsonder, maar dit sou nie regverdig wees teenoor ander wat ook 'n waardevolle bydrae gelewer het nie.

Dit was goed om die drie dae saam met vriende en kollegas te kuier. 'n Geleentheid soos hierdie is anders as 'n sinodevergadering waar die pas deur 'n agenda bepaal word en die gees deur opponerende standpunte.

Amanzi PRIVATE GAME RESERVE

**Lees** meer »

# DEGNOS-dinge

VENNOTE IN GETUIENIS
DEGNOS
*Andries Gous*

Liewe vriende van DEGNOS

### 'n Baie spesiale gebedsversoek vir die !Kung Tradisionele Owerheid

Oor die afgelope klompie jare was daar baie spanning binne die N#a-Jaqna-bewaringsgebied met vreemdelinge wat eenvoudig op onwettige wyses grond wederregtelik by die tradisionele hoofman koop. Dit bring groot spanning in die gemeenskap en het ook al tot insidente van lewensverlies gelei as gevolg van tradisionele kosversamelingsgronde wat toegekamp is.

Hierdie situasie is ondraaglik vir die !Kung-gemeenskappe van die Omatako-vallei.

Die gemeente onder leiding van ds Jafet Moyo het nou 'n afspraak gemaak met die tradisionele hoofman ('n vrou) om haar te gaan sien. Hulle doel is om ook aan haar die Evangelie te bring, want hulle glo daar is net een manier waarop hierdie situasie kan verbeter en dit is wanneer die Here mense se harte verander.

*Hulle vra voorbidding vir hierdie ontmoeting – nie om gehoor te word nie, maar vir die redding van Chief Ilonie Arnold. Mag die Here kragtig werk deur hierdie pragtige groep gelowiges op Omatako. Bid vir ds Jafet vir wysheid en onderskeidingsvermoë, en bid dat Chief Ilonie Arnold die lewende Jesus sal ontmoet en Hom sal volg.*

### Pinksterreeks – Suiderhof

Ons het 'n baie geseënde Pinksterreeks gehad as gaste by Suiderhof-gemeente.

Saam het ons op die Bloedspoor geloop, soekend na ons Here Jesus se spore in die Ou Testament.

### Ontvang twee voertuie

Kevin en Cami Zwart, twee sendelinge van Africa Inland Mission, verlaat Namibië en ons het die geleentheid gekry om hul twee voertuie by hulle oor te koop. Die Hilux-bakkie sal uiteindelik sy pad vind na ds Isak en Jesaja vir gebruik in die Luhebu-Noord-gemeente, waar dit die voertuig wat in Februarie in 'n ongeluk was, sal vervang.

Die tweede voertuig is 'n klein Honda Fit-sedan, wat binnekort die DEGNOS-voertuig sal word vir gebruik in die Wes-Caprivi.



***Foto**: Mishe se huis op Manghetti Duin is klaar gebou (verskaf)*

**Lees** meer »

Geopende Deure · NG Kerk Vrystaat · Pellissier Gemeente

# DAGBOEK DIE DATUM




## Sendingkonferensie

20 September 2025

## Vennote in Getuienis

in samewerking met Pellissier-gemeente en Geopende deure beplan 'n Sendingkonferensie op 20 September 2025.

## DIE **EINDES VAN DIE WÊRELD** OP MY VOORSTOEP

Ons beoog om die volgende **temas** aan te spreek tydens die konferensie:

1. **Van oral na oral, deur almal na almal**
2. **God in die wêreld van werk**
3. **Diens en/of getuienis-paneelbespreking**

**Daar gaan ook wegbreek-sessies wees oor die volgende temas:**

- Islam
- Kinderevangelisasie
- Praktiese evangelisasie

**NAVRAE**

Rikus Hattingh
**084 620 6000**

**VENNOTE IN GETUIENIS**
Missie Japan
*Dr Stéphan van der Watt*

# Nuusflits

## *Jongmense sê ‘ja!’ vir lewe in Christus*

Terwyl ons drup van die sweet in Japan, trek die kouefronte een na die ander verby jou in Suid-Afrika. Ek hoop dié nuusflits bereik jou hoog en droog (en warm!).

Daar is ’n ellelange lys van goed waaroor ek kan terugvoer gee. Die afgelope tyd was propvol aktiwiteite vandat ons jaar (amptelik) in April afgeskop het in Japan. Nie dat daar ’n kat se kans was vir leeglê tussen Januarie en Maart nie! Maar, eerder as om in detail oor alles te probeer uitbrei, vertel die foto’s hieronder self die storie.

Ek fokus daarom net op een bediening: ’n onlangse retreat vir jong werkendes, waar ek (Stéphan) die hoofspreker was.




Meer as 90 jongmense het saamgetrek in Gifu area, nie te ver van waar ek nou is, vir die Reformed Church in Japan se jaarlikse sinode nie. My aanbiedings by die retreat het gefokus op wat dit beteken om voluit ‘Ja’ te sê vir die lewe—in Christus—in alle omstandighede.

**Lees** meer »



# iSLAM

# Islam is die godsdiens wat die vinnigste groei

'n Nuwe studie deur die gesaghebbende Pew Research Centre[1], getiteld "***Pew's Global Religious Landscape study***", wat op Maandag 9 Junie 2025 vrygestel is, toon dat Moslems die geloofsgroep is wat die vinnigste groei, gevolg deur mense sonder godsdienstige affiliasie. Hoewel Christene steeds die wêreld se grootste godsdiensgroep vorm, het hulle persentasie-gewys afgeneem tussen 2010 en 2020.

Die wêreld se Moslembevolking het met 347 miljoen mense toegeneem oor tien jaar – meer as al die ander godsdienste saam – hoofsaaklik as gevolg van natuurlike demografiese groei (bevolkingsaanwas).

**Die Christene se getalle het in 2020 op 2,3 miljard gestaan, wat groei van 121,6 miljoen mense sedert 2010 beteken. Die Moslems se getalle het in 2020 op 2 miljard gestaan, wat 'n groei, in dieselfde tydperk, van 346,8 miljoen mense verteenwoordig. Mense wat hulle as lede van geen godsdienstige groep ag nie, is die derde grootste groep. Hulle getalle staan op 1,9 miljard en verteenwoordig 'n toename van 270,1 miljoen mense. Hulle het ook die Hindoes, wat voorheen die derde grootste godsdiensgroep was, in die vierde plek ingedruk.**

[1] *Pew Research Centre, 9 Junie 2025,* ***Pew's Global Religious Landscape study***

*Hierdie reeks Islam-artikels het 'n eiesoortige aanslag. Hierdie artikel handel oor 'n verslag van die Pew Research Centre wat bevind het dat Islam die vinnigste groeiende godsdiens in die wêreld is.*

Die grootste faktor wat hierdie statistiek betref, is dat Moslems teen 'n vinniger tempo kinders kry as wat Moslems sterf. Die verandering in getalle, wat Moslems betref, is bitter min die gevolg van mense wat hul as volwassenes tot Islam bekeer of dit verlaat.

Moslems is hoofsaaklik gekonsentreer in streke met hoë bevolkingsgroei, soos die Midde-Ooste en Noord-Afrika, waar hulle 94.2% van die bevolking uitmaak, en in Sub-Sahara-Afrika, waar hulle 33% van die bevolking verteenwoordig. Die Moslem-aandeel het die meeste toegeneem in die Asië-Stille Oseaan-streek, wat die grootste Moslembevolking huisves, met 'n styging van 16.2% tussen 2010 en 2020.

Hoewel die Christendom steeds die wêreld se grootste geloof is, en die aantal Christene oor tien jaar toegeneem het, het dit persentasiegewys met 1.8% afgeneem weens vinniger groei onder nie-Christene. Dit het geleidelik afgeneem in Europa, Noord-Amerika, die Amerikas, Australië en Nieu-Seeland. In die VSA het die Christelike bevolking van 78.3% tot 64% gedaal gedurende die genoemde studie. In Frankryk, Uruguay, die VK en Australië het die Christelike bevolking tot onder 50% gedaal in dieselfde tydperk. Afrika is nou die tuiste van die grootste Christelike bevolking. Een-derde van die wêreld se Christene woon in Sub-Sahara-Afrika.

**Lees** meer »



**BEDIENINGSBEGELEIDING**
Erediens Netwerk
*Johan van der Merwe*

# Nagedink oor die erediens

In die Ned Geref Kerk is daar op die oomblik 'n nuwe belangstelling in die erediens. Ons besef deesdae hoe arm ons geraak het aan simbole en rituele en hoe uit voeling ons geraak het met die res van die wêreldkerk. Baie gemeentes kom op die oomblik weer in lyn met die verskillende seisoene in die kerklike jaar soos dit wêreldwyd gevolg word en gebruik elke Sondag tekste uit 'n leesrooster wat op daardie selfde Sondag in kerke wêreldwyd gebruik word. Eeue-oue gebruike waarvan ons nie eers meer geweet het nie (byvoorbeeld Aswoensdag), word opgedelf. Ons is weer bewus van liturgiese kleure (soos pers vir die lydenstyd, wit vir Paastyd en rooi vir Pinksterdag). Ons steek kerse aan, maar saam met hierdie eeue-oue gebruike wat ons help om 'n byna mistieke ervaring van God te hê, vra al hoe meer gemeentes na lewendige, opgewekte eredienste waar mens kan "sien" dat die Gees werk.

Daarom leen gemeentes in die Ned Geref Kerk tans ook baie gebruike by die charismatiese kerke, veral van hulle liedere en aanbiddingstyl. Wat 'n mens 'n bietjie bekommer, is dat ons nie altyd dink wat ons doen as ons sommer so 'n bietjie hier vat en 'n bietjie daar vat nie.

Dit kan net wees dat ons sommer net iets in die erediens doen omdat dit lekker lyk, goed werk en mense beïndruk of die idee gee dat ons byderwets is, maar dat dit nie vir mense regtig help om God beter te leer ken nie, omdat dit dinge oor God veronderstel wat ons eintlik nie so glo nie.

My grootste bekommernis is dat die manier waarop ons erediens hou, mense maar net help om so bietjie te ontvlug uit die lewe. Dit help mense nie juis om God beter in die alledaagse lewe te gaan dien nie. Ek is bang die erediens is maar net 'n blaaskansie, `n wegkruipplekkie, 'n oasetjie in die woestyn van die lewe met sy probleme. Daarteenoor is die erediens vir my die plek waar ek juis my eie probleme én die nood van die hele wêreld *voor God onthou* en dit nie ontken en wegsteek nie. Ek dink mense ervaar die erediens dikwels soos wanneer mens uit die fliek stap. Jy het in die fliek 'n ander wêreld beleef. Maar as jy uitstap in die helder daglig, dan verblind dit jou en voel jy skoon simpel dat jy so pas nog gesit en huil het vir 'n mooi storie. So kan die lewe ons ook verblind as ons by die kerk uitstap.

**Lees** meer »

# Saam stil, saam sterk

## *'n Stilwordkans vir Vrystaatse leraars*

**ALGEMEEN**
Teologiese Opleiding
*Ethan Kleynhans*


Foto: Amanzi Privaat Wildreservaat

Vroeg op 'n Dinsdagoggend het predikante en enkele teologiestudente van die Vrystaat Sinode koers gekies na ***Amanzi Private Game Reserve***, vir drie dae se wegkeer van die gewoel, en 'n stilwordkans om weer te hoor, te bid en saam te onthou.

By aankoms het ds Jan Lubbe almal verwelkom, waarna ds Adrie Potgieter die eerste stilwordgeleentheid gelei het. Met Elia se verhaal as reismaat: vlugtend, moeg en tog deur God opgeraap; het die stilte vir baie 'n sagte rusplek geword. Stil sit, saam luister en stil bid was die hart van hierdie drie dae, en tussen-in het kort stappies in die veld en diep gesprekke nuwe asem gebring.

'n Kernoomblik was ook dr Tom Smith se roepingsgesprekke, waar elkeen weer kon nadink oor waar en hoe God roep; vir hulself, hul gemeentes en hul gemeenskap. In geselskap is hoop en wanhoop eerlik gedeel: hoe ons kerk dikwels swaar dra, maar ook steeds nuwe ruimte vind vir hoop.

Op die eerste aand het die koue die planne vir 'n ete in die Bush Boma gedwarsboom, maar binne was dit warm, nie net in die vertrek nie, maar ook in harte. Christof van den Berg het met sang en klaviermusiek 'n atmosfeer van vrede geskep, wat die stilte net dieper gemaak het.

Teen die laaste oggend is die laaste stilwordkans oor Elia, hierdie keer wetend en op pad terug, 'n laaste anker vir almal se roeping. Die legitimasie van 'n nuwe diensleraar het herinner dat God steeds roep, en die pad huis toe is aangepak met kospakkies in die hand en ligter harte.

**Lees** meer »

**ALGEMEEN**
Jeugleraar van NG Gemeente Berg-en-Dal
*Ds Janke Hurter*



# So met Jeugmaand "Wat het van ons bydraes geword?"

Dis die dag voor Jeugdag, Sondag 15 Junie 2025. Ek wag rustig in die konsistorie se stilte vir die res van die Kerkraad om aan te meld, terwyl ek deur die Erediensblaadjie lees ... Vandag in die Fokus, hierdie sinnetjie: "Die eredienskollekte ... Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/projek vir die betrokke Sondag – vanoggend, 15 Junie: **NGK Vrystaat Jeugbediening"**.

Dit vorm deel van die gemeente se jaarlikse bydrae aan Jeugbediening in die Vrystaat. Die sinnetjie het my vanoggend vreeslik onstel.

Nog 'n jaar is verby, nog 'n keer ons bydrae. Wat het met verlede jaar se bydrae van die gemeente geword? Hoe is dit aangewend? begin ek by myself te wonder. 'n Jeugkamp? 'n Jeugkonferensie oor die 1700ste bestaansjaar van Nicea? Miskien 'n stilword-retreat vir jongmense in die Vrystaat? Of dalk 'n gesamentlike interdenominasionele uitreik-projek vir jongmense? Ek wonder steeds ...

My besorgdheid dring my om verder te wonder oor hoe die netwerk binne Jonk Vrystaat op die oomblik lyk. Is die gelde nie miskien aangewend om netwerking te bevorder nie?

**Lees** meer »

# Skrifgebruik

**ALGEMEEN**
Leraar van NG Gemeente
Welkom-Noord
*Ds Lood Oliver*

In die NG Kerk is daar tans uiteenlopende standpunte oor 'n aantal sake. Elke groep wat 'n standpunt ondersteun beroep hulle op die Skrif. Daar is uitsprake soos: Dit is wat ek lees. Daar staan geskrywe. Die Bybel leer tog duidelik ... Dan is daar nog die kwessie van interpretasie ook. Die een verstaan dit sus en die ander een so. En dan word daar maklik beskuldigings gemaak soos: Julle dwaal. Julle is ketters.

**Foto:** *Canva*



Ongelukkig of dalk gelukkig werk die Bybel nie soos 'n ensiklopedia nie. Daar is nie 'n indeks met 'n klomp verskillende sake met bladsyverwysings waar jy kan gaan lees oor dit nie. 'n Klomp sake wat ons vas glo, berus op interpretasie. En 'n klomp van dit het al baie verander deur die jare. In die eerste jare wat ons televisie in Suid-Afrika gehad het, was daar nie sport uitgesaai op 'n Sondag nie. Sondagsport was 'n soort van euwel. Daar was selfs 'n baie gewilde rolprent gemaak oor 'n atleet wat gekies het om nie op 'n Sondag deel te neem aan atletiek nie (*Chariots of Fire*). Later het ons besef die musiek is baie mooi gewees, maar die Bybel het geen reëls oor 'n Sondag nie. Daar is wel baie reëls oor die Sabbat – Saterdag. In ons tradisie is ons Bybels gesproke almal mense wat die Sabbat ontheilig maar dit pla ons nie.

Ons kritiseer die Rooms Katolieke Kerk omdat hulle steeds glo dat die brood en wyn by die nagmaal werklik liggaam en bloed van Jesus is en tog lees die Skrif duidelik: *En terwyl hulle eet, het Jesus brood geneem en die seën gevra. Daarna het Hy dit gebreek en vir sy dissipels gegee met die woorde: "Neem, eet; dit is my liggaam."* (Matteus 26:26) *Toe neem Hy 'n beker, en nadat Hy die dankgebed uitgespreek het, gee Hy dit vir hulle en sê: "Drink almal daaruit, want dit is my bloed, die bloed waardeur die verbond beseël word en wat vir baie vergiet word tot vergewing van sondes*. (Matteus 26: 27,28) Net so terloops word daar nie kelkies gebruik nie, maar 'n beker. Ons interpreteer Jesus se woorde anders.

'n Vers wat baie verwarrend kan wees ten opsigte van selfdegeslagverhoudings is 2 Sameul 1:26 - Dawid sing 'n treurlied oor Jonatan en dan sê hy: *Ek is bedroef oor jou, my broer Jonatan. Jy was baie na aan my hart. Jou liefde was vir my wonderliker as die liefde van enige vrou.*

**Lees** meer »

# Die Verlore Skapie

Blêr

deur Martin Schwella

## Versoeking

"Dit is 'n helder dag in Blêrfontein, en Leon se hartjie voel lig soos hy deur die strate stap. Sy gedagtes dwaal na die "wedloop" waarvan tannie Êna hom vertel het, en hy dink aan God se cool bril – die bril wat jou help om met wysheid en liefde die wêreld raak te sien. Leon glimlag. Hy probeer hard om net die regte ding te doen vir die Herder.

Soos wat hy stap, vang iets sy oog. Voor hom stap 'n deftige bul, breedgeskouerd en selfversekerd, met 'n stylvolle uitrusting en glinsterende skoene. Leon kyk beïndruk na die bul. "Wow, daardie ou lyk cool!" dink hy. Net so vinnig as wat Leon hom verkyk, verdwyn die bul om die draai.

Leon stap verder, maar toe stamp sy poot teen iets. Hy struikel amper, maar kry sy balans net betyds terug. Hy kyk af en sien tussen sy pote 'n beursie en 'n blink sonbril lê. Hy tel dit op en sy oë rek van verbasing – die beursie is vol geld! En die sonbril ... dis beslis cool.

"Wie s'n kan dit wees?" wonder Leon hardop en kyk rond. Niemand is naby nie. "Dit moet daardie cool bul s'n wees," besef hy. Leon draai dadelik om en begin stap in die rigting waarin die bul verdwyn het.

Maar toe, soos 'n fluister in sy gedagtes, begin nuwe idees by hom opkom.
"Daardie bril sal só cool lyk op my," dink hy.
"En kyk net na al hierdie geld! Dink aan al die lekker dinge wat ek daarmee kan koop!" gaan Leon se gedagtes voort.
"Die bul sal dit nie eers mis nie, hy het mos baie meer," probeer die gedagte hom oortuig.

Leon stop. Sy hart klop vinnig. Hy weet dit is nie reg nie, maar die versoeking voel aanloklik.
"NEE!" roep hy skielik uit. "Dit is nie myne nie, en ek wil nie iets vat wat nie aan my behoort nie!" sê hy hardop, asof hy die gedagtes wil verjaag. Hy kyk na die bril en die beursie in sy pote. "God se bril is baie cooler as enige ander ding," sê hy ferm.

Leon dink terug aan al die kere wat God se wysheid hom gehelp het om reg te kies, en sy moed groei. “SKOERT verkeerde gedagtes! SKOERT!” blêr hy en begin hardloop in die rigting waarin die bul gestap het. Hy wil hierdie saak regmaak, dadelik.

Daar voor sien hy uiteindelik die bul stap. “Oom! Oom! Blêr!” roep Leon en waai sy poot. Die bul kyk om en sien vir Leon na hom toe aanstorm. Toe hy die bril en beursie in Leon se pote sien, glimlag hy breed.
“Hahaha! Ai, jong lam, baie dankie!” sê die bul.

Leon oorhandig die bril en beursie. Die bul kyk in die beursie en merk dat alles nog daar is. Hy knik waarderend vir Leon. “Jy is cool, lammetjie – baie cool!” sê hy en gee vir Leon vyf geldnote uit die beursie. “Gaan kry vir jouself iets net so cool soos jy!” sê die bul en stap verder.

Leon staan verstom. Hy het niks terug verwag nie, maar die bul se vriendelikheid vul sy hart met blydskap. Hy kyk op na die wolke en glimlag. “God se bril is beslis die coolste!” dink hy.



DIE VERLORE SKAPIE

**Luister hier**:
*Blêr | Ek behoort aan Jesus*

**Lees** meer »

NG Kerk Vrystaat SCHINK JONK CLF PUBLISHERS UITGEWERS

**R150 per boek**

# DIE VERLORE SKAPIE

BLÊR

deur MARTIN SCHWELLA








## Die Verlore Skapie

https://shop.clf.co.za/product/die-verlore-skapie/




## The Lost Little Lamb

https://shop.clf.co.za/product/the-lost-little-lamb


# BOEKE NOU AANLYN TE KOOP

NAVRAE | skakel@ngkvs.co.za

# MEDIATEEK

# PRAY DAILY, ACT BOLDLY

## 52 Weeks of Praying




Prof **Nico Koopman**

*In a world marked by injustice, suffering, and deep yearning for healing, prayer can seem like a quiet act. But in this bold and hopeful volume, Prof Nico Koopman reclaims prayer as a dynamic force of transformation – both personal and public. Originally composed during the student uprisings on South African campuses, these 52 weekly prayers offer a year-long journey of faith that nurtures vision, shapes conscience, and stirs concrete action.*

*Drawing from Christian theological giants like Karl Barth and Stanley Hauerwas, **Pray Daily, Act Boldly** presents prayer not as passive ritual but as prophetic protest, moral formation, and spiritual resistance. It is through prayer, Koopman argues, that we envision a new society of justice, wholeness, and dignity – and receive strength to critique, resist, and transform the brokenness of the present.*

*Each prayer touches on urgent dimensions of human and planetary life: anxiety, injustice, racism, ecological degradation, inequality, and violence. At the same time, they invite us into deeper trust, community, compassion, gratitude, and courage. With each week, readers are called not just to pray but to become: to be shaped into people of character, virtue, and commitment.*

*This is a book for anyone who longs to live faithfully and courageously in our time – where clasped hands become the beginning of bold uprisings for the sake of a renewed world.*

CLF PUBLISHERS UITGEWERS

## MEDIATEEK **INVENTARIS**

*Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor*

Navrae | **Anelia van den Blink**
**kuratorium@ngkvs.co.za**

# JONGMENSE GENIET MEKAAR

## RING VAN WELKOM

*Deur* ***ds Philip McLaren***




*Ringe in samewerking met* ***Sinodale Bedieninge***

### Jeugkamp 2024

Waar jongmense saam is, is daar groot vreugde. Wie van ons kan nog ons jongdae onthou, en veral wat ons saam met die kerk gedeel het? Die tye van kampvure, kruistogte en "singsongs" word al minder. Vandag kry ons groot saamtrekke en ons is maar een van die massa.

Ek onthou nog die mooi getuienis van "oom Tom" langs die kampvuur. Vandag kan ek nog daarvan getuig dat 'n ou oom met my sy getuienis gedeel het.

Soveel jongmense het al die geleentheid ervaar van 'n Buffelspoort-kamp. Hierdie geleentheid word jaarliks deur NG Gemeente Bedelia aangebied.

Die Sinode van die Vrystaat maak dit elke jaar vir ons moontlik om 'n groep kinders op hierdie geleentheid te neem en met die Woord en lied te bedien. Dit is ook jaarliks ons uitreikgeleentheid om kinderhuiskinders van ons omgewing saam te neem. Vir hulle is dit 'n wonderlike geleentheid om nuwe mense te leer ken, mense wat op 'n geestelike manier vir mekaar omgee.

Ons is bevoorreg om hierdie kamp saam met Heidi McLaren en die kerkraad van Bedelia aan te bied. Jeugwerk vra baie van ons tyd, maar die vrug van die bediening is sigbaar in ons gemeentes. Die jongmense leer ook om na ander uit te reik en daardeur hulle eie geloof te versterk. Ons bid dat die kerk kan voortgaan om hierdie bediening onder kleingroepe in stand te hou sodat gemeentes kan groei en bly voortbestaan. Die Here is groot en Sy liefde dring ons tot die bediening van jongmense in ons land.

**Lees** hier »

THEOLOGY AND RELIGION
TEOLOGIE EN RELIGIE

Nagraadse Studies

# Die volgende stap

Inspiring excellence. Transforming lives.



**Nielbert Mostert**, *meestersgraad-student, Fakulteit Teologie en Religie, UV*

VISION 130 Renew and Reimagine for 2034 | UFS Theology and Religion

Jaarliks registreer talle studente om Teologie aan die UV te kom studeer. Die studente kom uit verskeie kerkgenootskappe en agtergronde. Sommige skryf in vir die gevorderde diploma, ander vir die BDiv-graad, nog ander vir nagraadse studie. Tydens hierdie jaar se herfs-gradeplegtigheid is die volgende grade toegeken:

- Hoër sertifikaat in Teologie
  **51 studente**
- BDiv-graad
  **36 studente**
- Gevorderde diploma in Teologie
  **11 studente**
- Nagraadse diploma in Teologie
  **5 studente**
- Honneurs
  **1 student**
- Meestersgraad
  **23 studente**
- Doktorsgraad
  **5 studente**

Tydens hierdie gradeplegtigheid was ds Jan Lubbe die gasspreker, 'n alumnus van die UV. Die dekaansmedalje vir die beste meestersgraad is toegeken aan John Motsweta wat 'n meestersgraad in Bybelvertaling behaal het. Twee NG Kerk studente het hul BDiv-graad behaal – Nielbert Mostert en Sarahné Victor Visser. Nielbert deel sy ervaring as volg: "Nou dat ek aan die einde van my 4 jaar van studies staan is dit tyd vir die volgende stap in my lewe en oor roeping.

As ek terugdink aan die 4 jaar se studies, is ek baie dankbaar vir die feit dat ek kon klaar studeer. Ek is ook ongelooflik dankbaar vir al die mense wat saam met my studeer het. Te danke aan elkeen van hulle is ek vandag hier. Ek sou dit nie alleen kon doen nie.

Ek is ook ongelooflik dankbaar vir die seminarium. Almal wat my ook daar bygestaan het en vir alles wat ek by die seminarium geleer het. Ek sal altyd die semarium-*retreats* vir die studente en mentors onthou. Dit was by daardie *retreats* wat ek lewenslange vriendskappe gekweek en ontwikkel het. Nou is dit tyd vir die volgende stap ... Ek is tans besig met my M in missiologie en praktiese teologie.

**Lees** meer »

# VERJAARSDAE




ngkerkvrystaat.co.za

Wense van voorspoed, God se seëninge en genade vir die nuwe lewensjaar.

## JUNIE

- **21** Ds Rikus Botha – UNIVERSITAS GELOOFSENTRUM & VERKEERDEVLEI
- **24** Ds Victor Cloete – HOOPSTAD
- **26** Mev Lianie Delport – SINODALE KANTOOR
- **28** Ds Stefan Conradie – REITZ-WES

## JULIE

- **04** Ds Riaan van Zyl – BETHLEHEM-WES
- **06** Ds André Smit – BULTFONTEIN
- **13** Ds Christo Nel – WESSELSBRON
- **14** Ds Peet Louw – RIEBEECKSTAD-ERFDEEL
- **24** Ds Eddie Botha – LEEUWBERG



# Insekteweek

**BEDIENINGSBEGELEIDING**
Ekologie Netwerk
*Mariëtte Odendaal*

## VIER DIE KLEIN SKEPSELTJIES VAN GOD

Wanneer laas het jy stilgestaan en gewonder oor die waarde van 'n by, 'n skoenlapper of selfs 'n mier?


Insekteweek, wat jaarliks van 23 tot 29 Junie gevier word, is 'n bewusmakingsweek wat daarop gemik is om mense se waardering en begrip van insekte op te skerp. Dit is 'n tyd om erkenning te gee aan die belangrike rol wat hierdie klein skepseltjies in God se skepping speel.

### Die oorsprong van Insekteweek

Insekteweek het ontstaan in die Verenigde Koninkryk waar dit oorspronklik deur entomoloë en omgewingsorganisasies begin is as 'n veldtog om mense se kennis van en waardering vir insekte te verhoog. Die inisiatief het uitgebrei en word nou internasionaal erken. Dit is 'n week vol opvoeding, veldaktiwiteite, natuuruitstappies en publikasies wat fokus op die onskatbare waarde van insekte in ekosisteme.

**Lees** meer »


CLF SE NUWE HERONTWERPTE AANLYNWINKEL IS HIER!
GAAN NA
BOEKWINKELS se kontakinligting
HULPBRONSENTRUM www.clf.co.za
SOEK Titel, ISBN of Kode
Gewilde kategorieë
shop.clf.co.za
HOME
BOOKS
E-BOOKS
PAMPHLETS
CHURCH MATERIAL
BOOKSHOPS
FREE RESOURCES
SEARCH
R0,00
ALL PRODUCTS
NEW BOOKS
ACADEMIC / THEOLOGY
BIBLES
FAITH INFORMATION
HYMNALS
EQUIPMENT
NEW PUBLICATIONS
BAKENGEMEENTES:
DIE VERLORE SKAPIE
THE LOST LITTLE LAMB
Ook beskikbaar in ENGELS


Pray Daily, Act Boldly – 52 Weeks of Praying
ONDERHOUD MET PROF NICO KOOPMAN
Sondag 22 Junie 2025
07:10
met Morné Mundey
op Radio Helderberg
Pray DAILY, Act BOLDLY
52 Weeks of Praying
93.6fm
RADIO Helderberg


JEUG MAAND PROJEK
BEMAGTIG ONS TOEKOMSLEIERS
Help ons om 300 jongmense te vier en te seën met 'n inspirerende dagstukkie-boek
SKENK R100
WEES 'n WENNER!



VOLGENDE AANBIED
IS HIER !
21 JUNIE 2025
Bloemfontein
09:00-13:00
JOU KLANK KENNIS EN TOEPASSING VIR KERK KL
Verstaan "EQ" en fil
Identifiseer proble
Skep klankspasie in
Verstaan en beheer
Bespreek jou plek nou!


WINTER
HOPE • HOOP
Bank: ABSA
Account nr: 906 892 5251
Reference: Name & mobile nr


.org.za 076 143 6961
PROJEK
WARMLYFIE
Jou donasie,
hul Hoop!
Transoranje Instituut
ABSA
Takkode: 632005
Tjekrekening nommer: 020 840 145
Verwysing: Naam/van of donateurnommer
Maak gebruik van jou belastingvoordeel en kry 'n 18A-belastingaftrekbare sertifikaat.
Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys
Tel: 076 143 6961
E-pos: info@taibo.org.za
www.taibo.org.za


PROJEK VAN HOOP
2025
RENAULT KWID CL
ter waarde van R2
Engo
KWID
EVOLVE
WWW.ENGO.CO.ZA


Registreer vandag om
Pleegsorg Ouer te we
Engo


URN TURQUOIS
OR THE ELDERL
Vulnerable and negle
Play a vital role in commu
W.ENGO.CO.ZA | 060 548 5543
Engo


Gewilde
NOU BESKIKBA
ie Bybel vir alm
die Bybel vir almal
ISBN: 9780798225915
ISBN: 9780798225908
www.bibleshop.co.za


UITVERKOPING VERLENG!
Familie-gunstelinge
Tot 50% afslag
BYBELUITVERKOPING
NOU GELDIG TOT 30 JUNIE 2025
www.bibleshop.co.za


slaan af vir bybels
Bybelgenootskap van Suid-Afrika
GHOLFDAG
Ons Gholfdag vind plaas by die Toti Gholfbaan
Datum: Woensdag 9 Julie 2025
Afslaantyd: 09:00
Koste: R3 000 per vierbal: Sluit in baanfooie, karretjies, aandete en prysuitdeling
Formaat: Vierbal Alliansie - twee tellings om te geld
Nieamptelike voorgee: 18
Vir meer inligting, kontak Hermien by cilliers@biblesociety.co.za of 031 207 4933

NG Kerk
Vrystaat

**Ring van Bethlehem** van die NG Kerk bied aan

# (Met) Job in gesprek (met) . . .

10 VBO-PUNTE

## Dr At Lamprecht

Senior lektor: Skool vir Antieke Taal- en Teksstudies, Fakulteit Teologie, NWU

### EENDAGSEMINAAR

'n Akademiese verryking vir predikante en ander ernstige Bybellesers oor 'n Bybelteks wat bedek lê onder strata betekenis en wag om ontgin te word!

Woensdag
**10 September 2025**
**09:00 - 16:30**

**NG Kerk**
**Bethlehem-Panorama**
Goldberglaan 20, Bethlehem

**10 VBO-punte**

**Koste: R 250 p/p**
Sluit tee, verversings en middagete in

Bankbesonderhede

**Ring van Bethlehem**
**ABSA Tjekrekening**
**0770 480 183**
Verwysing
**Naam & van + Job**

**RSVP & SKRYF IN** Donderdag **4 September 2025**
Ds Gideon Lamprecht @ **082 417 0507**

## MOTIVERING

Van die 'stiefkind' van die Bybel — die boek Job — het Totius eenmaal verleë opgemerk: *'Job weier om Afrikaans te praat!'* Hierdie opmerking som die verleentheid van 'n leser van Job op: om 'n behoorlike greep op die betekenis van woorde, konsepte, idiome, metafore, verse, soms selfs volledige hoofstukke te kry. Ongelukkig is toepaslike semiotiese prosesse wat die Jobteks verstaanbaar kon maak oor tyd verwaarloos, en dit het veroorsaak dat betekenisse in kultuurkonteks nie deur wetenskaplik begronde herinterpretasies, nuwe- of hervertalings geskep en herskep is nie. Die gevolg was dat die boek Job stadigaan in sy eie engheid verstik en weggesterf het. Die oorblyfsel is 'n uitgeteerde Job-boodskap waarin die boodskap soos water uit 'n nat lap gedroog en voorgehou word as die volledige Job-'evangelie'. In prediking, Bybelstudie en -lees het hierdie selektiewe fokus op Job se 'geïdealiseerde geloof' en 'geduld' gevolg — dikwels 'n voorbeeld van 'n onkundige, en soms oneerlike en lui omgang met die Bybelteks.

Die **(Met) Job in gesprek (met)**-eendagseminaar gaan van die aanname uit dat die Jobliteratuur in die Hebreeuse Bybel 'n sterk verwantskap met Babiloniese literêre genres, -semantiek, en -materiële kultuur vertoon en moeilik sonder hierdie agtergrondkennis passend oorgedra en vertaal kan word.

### SESSIE 1

In **sessie 1** van die dagseminaar gaan die agtergrond, samestelling, outeurskap, datering en vergelykende tekste van die Job teks bespreek word.

### SESSIE 2

Tydens **sessie 2** sal in meer besonderhede ingegaan word op die onderliggende kultuureie konsepte in Job 1 – 2 wat in 'n letterlike taalbenadering dikwels misgekyk word. Konsepte soos die orde-chaos-, takkraal-, moraliteit-, en doodkonsep, asook die vierdelige siel-samestelling, omen strukture, metafore, getallesimboliek, Namburbi-rituele voorskrifte, die vroulike LamaStu teisterings, Yahweh en die satan se rolle in die panteon, gaan bespreek word.

### SESSIE 3

**Sessie 3** delf dieper in die konsep van 'n Gibor (beloftemens) teenoor 'n gewone mens, hemerologiese kalendertekste, 'n (omgekeerde) ou Nabye Oosterse wêreldbeeld, kleur en klank as pilare van die skepping, kosmogonie teenoor theogonie, en die metaforiese uitdrukkings van 'n verdere teistering, naamlik depressie.

### SESSIE 4

**Sessie 4** word gelei deur 'n kliniese sielkundige/mediese dokter/psigiater wat agtergrond gaan verskaf oor kliniese depressie.

### SESSIE 5

**Sessie 5** gaan in groepwerk verdeel waarin gestruktureerde gedagtes uitgeruil word om te teks van Job 1-3 prakties te laat geld.

## PROGRAM

| | |
|---|---|
| 08:00 | **Aankoms en registrasie** |
| 09:00 | **Sessie 1:** Job in konteks |
| 10:00 | **Tee** |
| 10:30 | **Sessie 2:** Job 1–2 in kultuur-historiese konteks |
| 11:30 | **Tee** |
| 12:00 | **Sessie 3:** Job 3 en die metafore van depressie |
| 13:00 | **Middagete** |
| 14:00 | **Sessie 4:** Kliniese depressie |
| 15:00 | **Tee** |
| 15:30 | **Sessie 5:** Praktiese 'preekmaak' oor Job en depressie |
| 16:30 | **Refleksie en vertrek** |

VBO
VOORTGESETTE BEDIENINGSONTWIKKELING

# MISSIONALE BEDIENINGSKAPASITEITE

## ETOS (Wie ek is en word)

- LEEF AFHANKLIK VAN GOD
- IS EERLIK MET MYSELF
- LEEF VANUIT MY ROEPING
- BEOEFEN GEWOONTES VAN GELOOF

## LOGOS (Wat en hoe ek glo)

- ONDERSOEK EN INTERPRETEER DIE BYBEL
- ONTSLUIT EN VERKONDIG DIE EVANGELIE
- IS GEANKER IN DIE TRADISIE
- BEGRYP DIE OMVANG VAN DIE EVANGELIE
- AANVAAR DIE GEREFORMEERDE BELYDENIS
- ONDERSKEI DIE HEERSKAPPY VAN CHRISTUS

## PATOS (Wie en hoe ek dien)

- ONDERSKEI WAAR GOD AAN DIE WERK IS
- BOU BRÛE
- NEEM DIE AMP OP
- VERSORG EN BESKERM
- ONDERSKEI DIE WIL VAN GOD
- BEGELEI AANBIDDING

*Oorgeneem uit VBO PROSPEKTUS: GESTUUR, GEVORM, GEROEP*

# ‘N UITNODIGING TOT STILTE

*vir jou*




hier sal die stilte jou vind en jou help om weer te hoor

**JULIE | 27-29 | 2025**

verblyf | etes
begeleide en onbegeleide tye vir stilword
persoonlike gesprek
vryheid om in die vlaktes in te stap

**KONTAK DS LOUWRENS SCHEEPERS 072 115 0057**

# KERKNUUS EN PUBLIKASIES

KERKBODE BROKKIES | PUBLIKASIES

kerkbode BROKKIES

Kollig
Luister nou

Ondersteun Kerkbode
Maak 'n donasie



Jaco Strydom gesels met Nic Grobler | Lank dominee, nou op 79 voltyds beeldhouer

*19 Junie 2025*
*Kerkbode, Artikels*
*Jaco Strydom*



**KYK**

Leraar getuig: 'Ons moet oor ons donker tye praat; die siekte gaan nie altyd weg nie'


*18 Junie 2025*
*Kerkbode, Artikels*
*Heléne Meissenheimer*



**PERSOONLIKE GESKIEDENIS**

Gedagtes by die hardloop van 'n eerste Comrades: Berg, klip, tafel ...

*15 Junie 2025*
*Kerkbode, Artikels*
*Le Roux Schoeman*




NG Kerk verwelkom Nasionale Dialoog wat burgerlike samelewing betrek

*13 Junie 2025*
*Kerkbode, Nuus*
*Heléne Meissenheimer*



So help jy **Winterhoop** om warmte en vol mae te bring vir mees kwesbares

*6 Junie 2025*
*Kerkbode, Hoopstories*
*Heléne Meissenheimer*



Invloedryke teoloog en skrywer Walter Brueggeman oorlede op 92

*6 Junie 2025*
*Kerkbode*
*Nuus*

Google Play    kerkbode.christians.co.za    App Store

# WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

NG Kerk Vrystaat

## Gemeente**gebeure**

Kalender | Belangrike datums

### KALENDER

skakel@ngkvs.co.za
Adverteer hier

### VAKATURES

### AFLOS

kerkbode

## Interaktiewe **Dagboek**

Deel jou dagboek hier

### DAGBOEK

woes@mweb.co.za
023 342 6030

### VAKATURES

### AMPTELIK






## ANDER SINODALESTREKE SE NUUS

# "Verbind aan en in pas met die Gees van God"

**ALGEMEEN**
Voorsitter van die Moderamen van die NG Kerk Vrystaat en leraar van NG Gemeente Berg-en-Dal
*Ds Jan Lubbe*




**Foto:** *Ds Jan Lubbe (verskaf)*

*"... laat ons ook met die Gees in pas bly."*
(Efesiërs 5:25)

Meimaand het oorgegaan in Junie, herfs in winter, 'n eerste semester se leerwerk in die halfjaareksamens. En dít, rondom daardie geliefde tien dae tussen Hemelvaart en Pinkster in ons gemeentes. Oestyd. In sosiale media het die uitnodigings van gemeentes oral in die Vrystaat verbygekom: verskillende tekste en temas, onderaan telkens ook, "sop en broodjies ná die diens". Insamelings van komberse vir Winterhoop en ENGO elke aand. Dit was geseënd, lui die berigte. En toe was ons saam op Amanzi; in die gees met Elia en mekaar meegeluister na "die fluistering in die windstilte" ...

Wat nou ná Pinkstertyd 2025? Was dit maar net nóg 'n week op ons kerkalmanak wat ons afmerk en aangaan?

Keer ons maar terug na die ou groewe, val in die ou loopgrawe? Of koester ons dié geskenk van die "Gees van God wat in my woon", soos ons saans gesing het: "Troos my, sterk my, leer my, lei my, heilig my" (Lied 442)? Hoe leef 'n gelowige luisterend na die Gees van God; ook óns, as kerkraadslede, leraars, ringskommissielede, voorgangers in 'n gemeente of gemeenskap iewers in die Vrystaat?

In 'n gemeentebybelstudie lees ons vanoggend Handelinge 20; Paulus se "afskeid" van die ouderlinge van die gemeentetjies in en rondom Efese. En die woorde tref ons, vers 22: *"Kyk, nou gaan ek, gebind deur die Gees, na Jerusalem, sonder om te weet wat met my gaan gebeur."* Dit moes iets van die selfversekerde Paulus gekos het om te erken, "ek weet nie". Vroeër in sy lewe – as die goedopgeleide kenner van die Skrifte; alumnus van die beroemde Fariseërskool van Gamaliël in Jerusalem; jeugdige omstander by die steniging van ene Stefanus wat "die tempel en die Wet" belaster het (6:13, 7:58, 8:1); brandend in sy woedende ywer om "enige aanhanger van die Weg" tot die dood toe te vervolg ...

**Lees** meer »



# KONTAK ONS

REDAKSIE

**SAMESTELLERS**

Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**
Carlie Niehaus, **carlie@ngkvs.co.za**

**LUISTER-ARTIKELS**

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

**PROEFLESERS**

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

## NUUSGEBEURE INLIGTING BYDRAES

**voor 12:00 Dinsdae**
na cmclean@ngkvs.co.za

Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**
**skakel@ngkvs.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321

NG Kerk
Vrystaat

**NG KERK VRYSTAAT | © 2025**

Departement
KOMMUNIKASIE EN BEMARKING